**Skriflesing**: 1 Joh 3:11-19
**Tema:** Ons moet mekaar liefhê.

Is Kraggakamma gemeente lewend of dood? Die antwoord op hierdie vraag word bepaal deur my en jou lewens. Is ek en jy lewend of dood? Wat maak dat elkeen van ons wat hier is, lewend of dood is? Die verskil tussen 'n lewende en dooie gemeente is nie programme of musiek nie. Dit is liefde.

Die verskil tussen 'n lewende en dooie lidmaat word nie bepaal deur die hoeveelheid Bybelverse wat jy uit jy kop ken of hoe lank jy al lidmaat is en of jy aan 'n lekker gemeente behoort nie. Dit word bepaal deur liefde.

Voor ons ons lewens aan die Here oorgegee het, was ons dood. As 'n geestelike dooie mens kon ons nie liefhê nie. Ons word nie geraak deur die nood van ander nie. Ons stap ongevoelig verby, want ons sondige natuur is nog in beheer.

Ons behoort aan die bose. Ons is sleg van binne en daarom moor ons. 'n Moordenaar is nie net 'n ou wie se foto in die koerant verskyn nie. As jy jou hart toesluit, jy nie jou lewensmiddele deel nie terwyl jy dit kan doen en die een wat gebrek ly wegwens, haat jy. As jy so haat, is jy 'n moordenaar. En geen moordenaar kry die lewe nie.

Maar jy hoef nie 'n moordenaar te bly nie.

Christus maak in ons lewens die oorgang tussen lewe en dood moontlik. As ons in geloof aan Hom oorgee, seën Hy ons met lewe in oorvloed. Die Heilige Gees werk Sy liefde in ons.

Wie aan Here behoort, het mekaar lief met dieselfde liefde waarvan lees in 1 Joh 3:16a:
"Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het Sy lewe vir ons afgelê."

Ware liefde is nie net 'n gevoel of 'n belydenis nie. Dit is 'n daad. Liefde is Jesus wat sy lewe vir ons afgelê het. As ek toelaat dat die Here sy liefde in my werk is ek bereid om, soos Jesus, my lewe vir jou af te lê.
Die Here se liefde deur my, is 'n aksie-liefde. Dit is nie 'n reaksie-liefde wat wag dat jy my eerste moet liefhê nie. Dit verwag ook nie 'n teenreaksie dat jy my terug moet liefhê nie.

Ons lees in 1 Joh 3:16b dat ons ons lewens vir ons broers behoort af te lê. Wat beteken dit? Dit beteken selfopoffering en prysgawe. Dit beteken om die minste te wees en te dien. Liefde beteken om vir hulle wat gebrek ly te sien, vir hulle jammer te voel, daaroor te praat en dan tot die daad oor te gaan. Ons moet in opregtheid help.

Ek baie verskonings om nie te help nie: "Dit is ander se eie skuld dat hulle in hulle ellendige posisie beland het. Hulle is sleg en lui." God het nie so gesê nie. Hy het Sy Seun vir ons gegee ten spyte van wie ons was. Jesus Christus het vir ons gesterf ten spyte van wie ons was.

Nog 'n verskoning om niks te doen nie is om skouers op te trek en te sê: "Wat kan ek tog doen, die probleem is so groot." In 1 Joh 3:17 lees ons van die broer, in enkelvoud,

wat gebrek ly. Ek hoef nie almal se nood te verlig nie. Ek moet net gehoorsaam wees aan die Here by die broer of suster wat gebrek ly en Hy oor my pad stuur.

As die Here se liefde in my is, gee ek vir hom of haar wat honger is kos. As die Here se liefde in my is, gee ek vir hom of haar wat koud kry, 'n kombers.

Ek het die afgelope week of so hierdie lewe wat die Here in ons werk, in aksie gesien. Ek het dit gesien  by 'n verpleegster wat 'n gebed kom doen by 'n sterfbed.  Ek het dit gesien by 'n persoon wat langs die pad stilhou by iemand wie se motor gebreek het. Ek het dit gesien as ons 'n TV vra vir huis 8 by die kinderhuis en 3 TV's kry. Ek sien dit in die skenkings vir projek  Winterhoop.

Hierdie liefde wat die Here en sy Gees in ons werk en uit ons uitvloei, gee vir ons sekerheid. Ons lees in 1 Joh 3:19 en 14: "[19]Hierdeur kan ons ook te wete kom dat ons aan die ware God behoort en kan ons ons gewete voor Hom tot rus bring.[14]Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood."

Die Griekse woord vir oorgaan beteken verhuis, met ander woorde: trek uit een huis na 'n ander. Kinders van die Here wat liefde leef, het die sekerheid dat hulle getrek het. Hulle het uit die vuil stukkende muwwe krothuis van dood, sonde en haat getrek na die koninklike paleis gevul met lewe en daarom kan hulle nie anders as om die liefde van die Here uit te leef nie.

In Gesang 223:2 het ons gesing:
Ja,'n ongetelde skare
sien ons op Sy roepstem kom;
groter groei dit met die jare.
alle tale huldig Hom!
Hoe sal hul 'n Christen meet?
Aan ons liefde sal hul weet!

Is Kraggakamma gemeente dood of lewend? Die antwoord op hierdie vraag word bepaal deur ons daadwerklike liefde vir mekaar.
**Amen**